SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSDIENS (POD)
PROFESSIONAL DEVELOPMENT SERVICE (PDS)
SERVING INCLUSIVE, PUBLIC AND INDEPENDENT SCHOOLS | DIEN INKLUSIEWE, OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE
INDEPENDENT SCHOOLS ONAFHANKLIKE SKOLE
012-4360900 saoupod@saou.co.za www.saou.co.za

Nuusbrief 07/2018 25 Februarie 2019

KLASKAMERBESTUUR EN DISSIPLINE
OPTREDE TEN TYE VAN PROVOKASIE

In die lig van die onlangse gebeure by 'n Hoërskool in die Wes-Kaap, toe 'n opvoeder 'n leerder onder erge provokasie geklap het, wil die SAOU weer eens die volgende aspekte van **klaskamerbestuur** onder die aandag van lede bring.

Wanneer ons met kinders werk het ons sekere **regte en verantwoordelikhede**. Ons het presies dieselfde regte as enige ander landsburger. Ons het 'n reg op 'n veilige werksomgewing, op beskerming, om onsself redelikerwys te verdedig sou ons in gevaar verkeer, en die reg om menswaardig hanteer te word.

Dit sluit ook die reg in om 'n saak by die polisie aanhangig te maak teen enige persoon ('n leerder ingesluit) wat inbreuk maak op jou regte. Dit sluit ook die verkryging van 'n beskermingsbevel in toepaslike omstandighede in. Al blyk dit soms dat die SAPD nie gaan optree teen die oortreder nie, bly dit steeds 'n belangrike stap in die proses wat later van nut kan wees indien verdere optrede genoodsaak sou wees. Indien jy enige besering(s) opgedoen het, moet jy dadelik 'n dokter besoek en die nodige verslag wat die beserings aandui, verkry. Neem ook foto's van die beserings. Dit is ook belangrik dat, waar nodig, beserings dadelik by die werkgewer aangemeld moet word vir 'n "besering aan diens"- doeleinde en dat volledig rekord gehou moet word van doktersverslae, ens.

Dit is noodsaaklik dat alle insidente ook so spoedig moontlik by die SAOU aangemeld moet word. Die SAOU sal jou bystaan om te verseker dat die dissiplinêre proses teen die leerder volledig uitgevoer word.

Onthou! Hierdie wenke is daar om 'n basis te bou vir enige moontlike afdwinging van jou regte, sou die ergste ooit gebeur.

Ons moet egter altyd onthou dat geen reg absoluut is nie. (Artikel 36: SA Grondwet). 'n Voorbeeld van 'n algemeen geldende regsvoorskrif wat ons regte kan beperk, is Artikel 28(2) van die Grondwet wat bepaal dat: **'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.** Ons moet dus ten alle tye so optree teenoor die leerders dat ons binne die Grondwet en die Kinderwet se bepalings bly wanneer ons dissipline toepas.

Enige vorm van lyfstraf is ook taboe. Lyfstraf is 'n vorm van aanranding en kan in die algemeen gesien word as enige opsetlike, onregmatige inbreukmaking op die liggaamlike integriteit van 'n persoon (of leerder). Dit sluit die volgende aksies in:

- Om 'n leerder met die hand of 'n objek te slaan;
- Om 'n leerder met enige objek te gooi;
- Om 'n leerder te dwing om in 'n ongemaklike posisie te staan;
- Om te verhoed dat 'n leerder 'n maaltyd neem of die toilet te gebruik;

- Om 'n leerder te dwing om teen sy\haar wil iets te eet of drink;
- Om 'n leerder bloot te stel aan oormatige hitte of koue;
- Om 'n leerder te skop, knyp, stamp, krap, hare te trek, ens.

Die kernfaktor wat altyd in gedagte gehou moet word is redelikheid, billikheid en regmatigheid. Ons kan slegs dissipline toepas soos wat die skool se spesifieke gedragskode ons magtig om te doen. Enige optrede buite die gedragskode van 'n skool stel jou bloot aan moontlike tugaksie. As die skool se gedragkode onvoldoende is, moet dit hersien word.

Hoe behoort ek as volwasse, opgeleide, professionele persoon 'n dissiplinêre situasie in my klas, waar ek uitgetart word en met uitdagende gedrag en provokasie gekonfronteer word, te hanteer?

- Moenie jou stem verhef en skree nie - dit is 'n teken dat jy buite beheer is en jou gedrag as rolmodel behoort juis 'n voorbeeld te stel van hoe 'n konfliksituasie en aggressie hanteer behoort te word. Dit gee aanleiding tot woede, vrees en angs in stede van vertroue: omstandighede waarin effektiewe leer en onderrig nie kan plaasvind nie. Dit het moontlik 'n tydelike verandering van gedrag tot gevolg, maar het definitief nie 'n permanente, volhoubare effek nie.
- Moenie 'n onmiddellike reaksie op die leerder afdwing soos om aan te dring daarop dat die leerder dadelik om verskoning te vra of onmiddellik sy gedrag verduidelik nie.
- Moenie 'n leerder in 'n hoek dryf, in sy/haar persoonlike spasie inbeweeg of hom/haar aanraak nie.
- Moenie 'n leerder beledig, verneder, of in die verleentheid stel nie, veral nie in die teenwoordigheid van sy maats nie.
- Vermy aggressiewe, beskuldigende liggaamstaal en gesigsuitdrukkings.
- Vermy sarkastiese opmerkings en die aanval van 'n leerder se karakter.
- Vermy 'n dominerende, gebiedende, outoritêre houding.
- Vermy vergelykings met ander leerders en/of familielede.
- Vermy spreekwoordelike vergelykings met diere bv "Hou op om jou soos 'n aap te gedra!"
- Vermy emosionele uitbarstings wat met woedebuie gepaard gaan.
- Vermy dubbele standaarde en voortrekkery.
- Vermy veralgemening en ongefundeerde beskuldigings.
- Vermy afpersing van enige aard.
- Moenie 'n wrok koester en ooreenkomstig reageer nie. Begin elke dag op 'n nuwe bladsy.

Watter hanteringsmeganismes behoort ek aan te wend om myself te beskerm wanneer ek myself in 'n situasie bevind waar ek aan blatante uittarting en uitdagende gedrag blootgestel word?

- Luister na jou liggaam en jou gees. Weet watter snellers die slegste in jou na vore bring. Weet wat jou irriteer, frustreer en wat jou woedend maak. Weet watter gedrag van jou leerders vir jou onaanvaarbaar is en veroorsaak dat jy beheer verloor en jou stem verhef. Lê die nodige emosionele intelligensie aan die dag en wees pro-aktief. Weet wanneer jy kwesbaar en weerloos is en wat jou laat oorreageer.

- Vervang jou emosionele, irrasionele gedagtes doelbewus met rasionele, objektiewe, alternatiewe gedagtes en ooreenkomstige optrede.
- Ontwikkel 'n "go-to" strategie wat vir **jou** werk. Haal diep asem, druk die "pause"-knoppie en tel tot 5, of verder. Draai om en skryf iets op die bord of in 'n notaboekie.
- Verwyder jouself uit die situasie en verlaat die klas vir 'n paar sekondes. Bal en ontspan jou vuiste (sonder dat dit voorkom dat jy moontlik die leerder wil slaan). Hou 'n stresballetjie byderhand. Maak 'n humoristiese opmerking, sonder om sarkasties te wees.
- Indien nodig, roep iemand wat die situasie kan ontlont. Jy behoort 'n gebeurlikheidsplan vir jou klas in plek te hê.

Die emosionele welstand van ons lede is vir die SAOU baie belangrik. Ons doen 'n beroep op lede om die nodige wysheid en insig aan die dag te lê wanneer hulle in dissiplinêre situasies blootgestel word aan die uitdagende, uittartende gedrag van leerders. Onthou, jou reaksie is jou verantwoordelikheid. Jy is direk verantwoordelik daarvoor om 'n atmosfeer in jou klas te skep waar effektiewe en suksesvolle leer kan plaasvind. Sien elke dissiplinêre situasie as 'n gulde geleentheid om vir jou leerders iets te leer.

Laaste maar nie die minste nie – vanweë die aard van sosiale media, is daar altyd die risiko dat enige insident of ontoepaslike optrede die potensiaal het om soos 'n veldbrand te versprei. Opvoeders moet dus ten alle tye bewus wees van hulle gedrag en ooreenkomstige professionele optrede.

SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
PROFESSIONELE ONTWIKKELINGSDIENS (POD)
PROFESSIONAL DEVELOPMENT SERVICE (PDS)
SERVING INCLUSIVE, PUBLIC AND INDEPENDENT SCHOOLS | DIEN INKLUSIEWE, OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE
INDEPENDENT SCHOOLS ONAFHANKLIKE SKOLE
012-4360900 saoupod@saou.co.za www.saou.co.za

Newsletter 07/2019 25 February 2019

CLASSROOM MANAGEMENT AND DISCIPLINE RESPONSE TO EXTREME PROVOCATION

In the light of recent events at a Cape Town High School, when a learner was slapped in the face by an educator under extreme provocation, the SAOU once again wants to make educators aware of the following aspects relating to their **classroom management skills**.

When you work with children, you have certain rights and responsibilities. You have exactly the same rights as any other citizen in the country. You have a right to a safe working environment, to protection, using reasonable measures to defend yourself if you are in danger, and the right to human dignity.

This includes the right to register a case with the police against any person (including a learner) who unlawfully affects your legally-recognized rights, as well as the possibility of obtaining a protection order in appropriate circumstances. Although it may sometimes appear that SAPS is not going to act against the offender, it remains an important step in the process that may later be useful if further action should be required. If you sustained any injury (one or more), you should immediately visit a doctor and obtain the necessary report describing the injury. Also take photos of the injury. It is also important that all injuries should be reported to the employer immediately for "injury on duty" purposes, and that full records be kept of doctor's reports, etc.

It is essential that all incidents should also be reported to the SAOU as soon as possible. The SAOU will assist you in ensuring that the disciplinary process against the learner is fully executed.

Remember! These tips are there to build a foundation for any possible defence of your rights, should the worst ever happen.

We must, however, always also remember that no right is absolute (Section 36: SA Constitution). A specific example of a law of general application that limits our rights is Section 28(2) of the Constitution which states that: "A **child's best interests** are of paramount importance in every matter concerning the **child**." This provision naturally includes **children** who come into conflict with the law. We must thus always act in accordance with the provisions of the Constitution and the Children's Act when we work with learners and apply discipline.

Any form of corporal punishment is taboo. Corporal punishment is another form of assault and is in general considered as any wilful, unlawful infringement of the bodily integrity of a person (or learner). This includes the following actions:

- Hitting a learner with a hand or object;
- Throwing objects at a learner;

- Forcing children to stay in uncomfortable positions;
- Denying a child meals, the use of the toilet;
- Forcing a learner to eat or drink something against his/her will;
- Denying a learner shelter from heat or cold;
- Kicking, pinching, pushing, scratching, pulling the hair of a learner, etc.

The core factors that should always be kept in mind are 'reasonableness' and 'lawfulness.' We can only apply discipline in line with the school's code of conduct. Any actions not endorsed by the code of conduct could possibly expose you to disciplinary measures. If the school's code of conduct is inadequate, it should be reviewed.

How should I as a trained, professional adult deal with a disciplinary situation in my class, where I am being provoked, and confronted with challenging, defiant behaviour?

- Do not raise your voice or shout – it is a sign of being out of control and your behaviour as a role model should provide an example to learners of how a conflict situation and aggression should be dealt with. Shouting provokes anger, fear and anxiety instead of trust. Anger, fear and anxiety are circumstances in which effective learning and teaching cannot take place. It might temporarily change behaviour, but does not have a lasting positive effect;
- Do not enforce an immediate consequence such as expecting the learner to apologise or explain his/her behaviour;
- Do not corner a learner, move into his/her personal space, or touch an angry learner;
- Do not degrade, insult, humiliate or embarrass a learner, especially not in front of his/her peers;
- Avoid aggressive, accusatory body language and facial expressions;
- Avoid using sarcasm or attacking a learner's character;
- Avoid being demanding, commanding, dominating;
- Avoid comparing learners to other siblings or students;
- Avoid metaphoric comparisons of learners to animals e.g. "Stop acting like a monkey!"
- Avoid throwing temper tantrums;
- Avoid double standards and favouritism.
- Avoid generalisations and unsubstantiated accusations;
- Avoid bribery, pleading or nagging;
- Avoid holding grudges. Start every day on a new page.

Which coping strategies should I apply to protect myself in a disciplinary situation where I am exposed to blatant provocation and challenging behaviour?

- Listen to your body and mind. Which behavioural triggers bring out the worst in you? Know what irritates, frustrates and angers you. Know which learner behaviours are unacceptable to you and result in you losing control and raising your voice. Be emotionally intelligent and be pro-active. Know when you are vulnerable and defenceless and what results in your over-reacting. Replace your emotional, irrational thoughts with rational, objective, alternative thoughts and corresponding behaviour.

- Develop a "go-to" strategy that works for you.
- Take a deep breath, push the "pause button" and count to 5. Turn around and write something on the black board or in a notebook. Remove yourself from the situation and leave the class for a few seconds. Clench and release your fists (without allowing the action to look as though you would like to hit the person). Have a stress ball at hand. Look for humour without being sarcastic.
- If possible, call somebody to defuse the situation. You should have a contingency plan in place for your class.

The emotional well-being of our members is extremely important to the SAOU. We appeal to educators to apply the necessary wisdom and insight when faced with disciplinary situations where they are exposed to challenging, defiant behaviour. Remember, your reaction is your responsibility. You are directly responsible to create an atmosphere in your class where effective learning and teaching can take place. Each disciplinary situation should be seen as a teachable moment.

Last but not least – due to the nature of social media, there is always the risk that any incident or inappropriate behaviour has the potential to spread like a wild fire. Therefore, we advise educators to always be aware of their actions and display professional behaviour at all times.

Wat sê kenners?

''Ons raak almal soms siedend woedend vir die jong monsters maar dit is byna altyd 'n fout. Daar is genoeg wat daarop dui dat hulle ons liefde, lankmoedigheid, vergifnis en geduld verdien. Hulle is 'n getraumatiseerde generasie, wat veral in hierdie land met geweld saamleef. Hulle is eensaam omdat hulle veral op hulle fone sosialiseer…"
(Sonja Loots: Netwerk 24)

"Die video van die konfrontasie tussen die leerder en die onderwyseres bevat belangrike lesse oor hoe konfrontasie in die klaskamer hanteer moet word. As ek in die situasie was sou ek eenvoudig uit die klas geloop het toe ek voel my emosies gaan op hol met my. Dit is beter om in so 'n situasie kalm te bly en miskien 10 minute te neem totdat jy afgekoel het. Die manier waarop die juffrou op die kind skel, is onvanpas. Dit is belangrik om te onthou dat jy as onderwyser die volwassene in die vertrek is, en moet besef wanneer jou emosies die oorhand kry. Dit is egter ook onaanvaarbaar om 'n onderwyseres uit die pad te stoot m 'n lessenaar, selfs al word jy uitgetart. Op 'n sokkerveld kry jy 'n rooikaart…"
(Prof Ronelle Carolissen: Universiteit van Stellenbosch)

"En lyfstraf help jou nie om morele waardes te internaliseer nie en dit leer nie vir jou selfdissipline nie. Dit verhoog jou risiko om by gesinsgeweld betrokke te raak en self die slagoffer van mishandeling te word"
(Willemien Brummer: Netwerk 24)

012-4360900 saoupod@saou.co.za www.saou.co.za

"Die uittarting en uitlokking sal altyd daar wees. Waar lê die antwood? Binne jouself. Wat erg belangrik is: onderwysers moet emosioneel okei wees met hulself, gaan vir hulp as daar onuitgesorteerde bagasie in hulle lewens is sodat snellers nie lei tot onaanvaarbare en ontoepaslike gedrag nie"
(Dr Johan Smith: Vita Amp)

"Leerders se ongedissiplineerde optredes en provokasie laat onderwysers ontmagtig voel, aangesien die onderwyser se gesag uitgedaag word. Die onderwyser moet poog om situasies te vermy wat sulke negatiewe gevolge kan meebring. Sodra 'n onderwyser emosioneel raak gedurende provokasie moet hy/sy hom/haar onttrek uit die redenasie/konfliksituasie, voordat irrasionele besluite volg. Onderwysers moet onthou dat hulle nie in isolasie werk nie, maar 'n ondersteuningstelsel tot hulle beskikking het. Die Dissiplinêre Hoof kan byvoorbeeld ontbied word om die situasie te ontlont of om die kind te kom verwyder uit die klas, sodat onderrig nie verder ontwrig word nie."
(Heiletje Coetzee: Opvoedkundige Sielkundige)